Ontmoeting 1

'n Donkie wat kan praat?

Kinders leer die storie van Bileam se donkie

Teks: Numeri 22:22–35

Hulpmiddels:

- Prente van goed wat kan praat en goed wat nie kan praat nie
- Prente van verskillende diere
- Geluide van diere en van die natuur
- Handpop van 'n donkie of 'n donkiemasker of net donkie-ore
- Verf, kryte of inkleurpotlode om die donkiemasker mee te versier
- Wit en swart papier (of net wit papier)
- Gom, kleeflint
- Vir elke kind:
    - kopieë van die donkie
    - wasgoedpennetjie
    - bruinpapiersakkie
- Op YouTube is video's van diere wat praat. Gebruik dit as jy kan.

Welkom

Speel "Rooi liggie, groen liggie": Kinders maak een lang ry aan die een kant van die vertrek. Die aanbieder draai sy rug op die groep en skree: "Groen liggie!" Almal loop of spring vinnig (enige kreatiewe vorm) na die ander kant van die vertrek. Dan skree die aanbieder: "Rooi liggie!" Almal moet onmiddellik vries. Dit hou so aan tot almal aan die anderkant is. Hierdie speletjie leer ons dat ons nie oorhaastig 'n besluit moet neem nie: soms moet ons vries, wag en eers na Sy stem luister.

Wys vir die kinders prente (diere, verskillende mense, klippe, ens.) en vra of hierdie items kan praat of nie. Gebruik die prente van die diere en vra vir die kinders hoe ons hierdie diere verstaan. Hoe weet ons 'n hond is bly? (Hy swaai sy stert of spring op en af.) Hoe weet ons dat daar gevaar is? (Hy blaf.) Doen dieselfde met nog 'n paar diere. Vra of die kinders weet wat 'n honde- of perdefluisteraar is? Kan die mense regtig met die diere praat en hulle taal verstaan? Nee, hulle gebruik liggaamstaal. Wat is liggaamstaal? Dit is die manier wat die dier na jou kyk, sy stert swaai, sy ore spits, ens. (Jy kan self kreatief wees en 'n paar gesigte trek of bewegings maak sonder woorde. Laat die kinders raai wat jy vir hulle probeer sê.) Vandag gaan julle 'n ander storie hoor van 'n donkie en hoe God hom gebruik het.

Wyding

Stilword-ritueel:

Laat die kinders rustig sit met hulle oë toe en luister na die geluide om hulle. Hulle moet probeer om die geluide uit te ken.

Sê dan almal saam of agter die leier: "Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam." (Ps 23:1–3)

Woord

(Die verteller kan donkie-ore of ŉ donkiemasker opsit of ŉ donkiehandpop gebruik.)

Ek weet julle het al flieks gesien waar diere kastig kan praat. Maar weet julle wat? ’n Snaakse ding het met my gebeur en daarom is ek ŉ snaakse donkie wat regtig mensetaal kan praat. Julle sien, my baas se naam is Bileam en almal weet hy kan profeteer.

Ek wonder of julle vir my kan sê wat dit beteken as iemand kan profeteer? *(Wag vir reaksie.)* Ja, dit beteken God sê vir hom iets wat gaan gebeur, en hy moet dan vir die mense gaan vertel wat God gesê het.

Ons het naby die Eufraatrivier gebly en eendag het daar mense kom kuier. Ek het gehoor hoe hulle vertel dat Koning Balak hulle gestuur het. Een van hulle het gesê: “’n Groot klomp mense wat die volk Israel genoem word, kamp in ons land. Die koning is bang vir hulle. Die Israeliete het al teen mense geveg en hulle het daardie mense gewen. Daardie mense is baie sterk, want hulle het al teen ons oorlog gemaak en gewen. As die Israeliete nou teen ons gaan oorlog maak, gaan hulle ons baie ver wen en hulle gaan ons almal doodmaak!”

“Wat kan ek nou daaraan doen?” het Meneer Bileam gevra.

Toe antwoord die ander boodskapper: “Koning Balak wil hê jy moet kom en ŉ vloek oor die Israeliete uitspreek. Ons weet dat wanneer jy ŉ vloek oor iemand uitspreek, word dit waar, en wanneer jý iemand seën, word dit ook waar.”

Maar my meneer is nie iemand wat sommer net sulke goed doen as die Here dit nie vir hom gesê het nie. Toe nooi hy die boodskappers om die nag daar by ons te bly sodat hy eers in die nag vir God kan vra wat Hy wil hê Meneer Bileam moet doen.

Die volgende oggend het ek gehoor hoe Meneer Bileam vir die boodskappers sê dat hy nie saam met hulle kon gaan nie, want die Israeliete is God se mense vir wie Hy geseën het.

Die manne het weggegaan, maar kort daarna het daar ander manne aangekom.

“Ons het vir jou baie presente van Koning Balak af gebring as jy net sal saamkom en ŉ vloek oor Israel uitspreek. Wanneer jy dit gedoen het, sal die koning jou nog baie meer presente gee.”

Meneer Bileam het na die mooi presente gekyk en gesê dit maak nie saak wat hulle hom gee nie. Hy kan net doen wat God vir hom gesê het om te doen. Maar ek het gesien hoe skitter sy ogies – hy wou darem baie graag daardie presente gehad het. Toe het hy hulle weer genooi om die nag daar te slaap, sodat hy met God kon praat.

Ek het gedink dis ŉ vreeslike dom ding om te doen, want hy het dan al klaar met God gepraat en God het mos klaar vir hom gesê hy moenie gaan nie. Maar dalk het hy gedink God het intussen van plan verander.

Toe praat hy weer met God. Hierdie keer het God vir hom gesê dat hy maar saam met hulle kan gaan, maar dat hy niks mag sê wat God nie vir hom sê nie.

Die volgende oggend het Meneer Bileam ŉ saal op my rug gesit en die twee boodskappers het ook op hulle donkies geklim. Ons het al agter hulle aangery. Toe, skielik sien ek iets wat ek nog nooit gesien het nie: In die middel van die pad het die engel van die Here gestaan en hy het ŉ swaard in sy hand gehad. Glo my, ek het so gou as wat ek kon uit die pad gedraai. Meneer Bileam het gedink ek is moedswillig en het my baie hard en seer geslaan en my gedwing om weer op die pad te loop.

Ons het nie baie ver geloop nie, toe ons by ŉ baie smal gedeelte van die pad kom. Dit was tussen twee wingerde en daar was ŉ muur aan albei kante van die pad. En daar staan die engel weer in die middel van die pad! Ek het so ver as moontlik van hom af probeer verbyloop en toe druk ek Meneer Bileam se voet per ongeluk teen die muur vas. Nou was hy regtig baie kwaad! Hy het my nog harder as die vorige keer geslaan en geskree.

Ek het maar versigtig verder geloop, maar kort daarna het die engel weer voor my gestaan. Hierdie keer was daar geen manier om by hom verby te kom nie en ek het net voor hom neergeval. Toe het Meneer Bileam my met sy staf begin slaan. En toe skielik kon ek mensetaal praat!

Ek het hom gevra: “Hoekom slaan jy my? Jy het my nou al drie keer geslaan.”

Hy was so kwaad dat hy gesê het dat hy my sommer net daar met sy swaard wil doodmaak. Ek kon nie verstaan dat hy so lelik was met my nie, want ek was nog altyd ŉ baie gehoorsame donkie. Skielik het hy ook gesien wat ek sien: Die engel van die Here wat met sy swaard in sy hand staan. Hy het so groot geskrik dat hy sommer ook neergeval het. Hy het gesê dat hy sou teruggaan huis toe as die Here wil hê hy moet teruggaan. Maar toe sê die Here vir hom: “Gaan saam met hierdie manne, maar jy mag nét sê wat Ek vir jou sê.”

Ek dink die hele "trip" was eintlik maar 'n mors van tyd, want Bileam het toe vir Israel geseën soos die Here vir hom gesê het, en Koning Balak was glad nie tevrede nie. Daarom het die koning niks van die presente wat hy belowe het, vir Meneer Bileam gegee nie. Nou weet ek dat Israel God se mense is. Solank as wat hulle aan God gehoorsaam is, sal Hy vir hulle sorg en hulle seën.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:
1. Ek wonder hoe jy gaan voel as jou troeteldier skielik met jou begin praat.
2. Ek wonder hoe die donkie gevoel het toe Bileam hom so geslaan het.
3. Ek wonder hoe Koning Balak gevoel het toe Bileam die Israeliete geseën het, nadat hy so baie moeite gedoen het om 'n profeet te kry om hulle te vervloek.
4. Ek wonder hoe praat God met ons.

Werskaf

- Laat elke kind donkie-ore maak.
- Maak die wasgoedpennetjie-donkie en gebruik dit in jou vertelling. Dan kan die kinders dit maak en die storie gaan oorvertel vir hul ouers.
- Maak 'n donkie-handpop uit 'n bruinpapiersak.

Sluit af met die seënbede:

Die kinders sit of staan in 'n sirkel. Hulle hou hul hande uitgestrek na die kante toe met albei palms na bo. Elkeen se regter-hand se palm is bo die ander kind se linkerhand se palm. Laat hulle oefen om 'n "blessing" aan te gee: Iemand begin om sy regterhand oor te beweeg na links en dan liggies aan sy maat aan die linkerkant se hand te tik. Daardie maat doen dan dieselfde met sy regterhand na die maat aan sy linkerkant se hand toe. Stuur so die bede aan in die rondte. Sodra die kinders dit regkry, sê almal die seënbede saam terwyl hulle dit in die rondte "stuur":

Die Here is VOOR jou om jou pad gelyk te maak;

Die Here is AGTER jou om jou teen slegte dinge te beskerm;

Die Here is LANGS jou om jou in sy arms toe te vou;

Die Here is ONDER jou om jou te dra as jy mag val;

Die Here is BOKANT jou om jou te seën;

En die Here is BINNE jou om jou te lei met sy Heilige Gees.



Bruinpapiersak-handpop:

Plak die kop bo-op

die flap vas.





← Bruinpapiersak-handpop:

Plak die bek onder die flap vas.

Wasgoedpennetjie-donkie:

Sny die donkie se bek op die stippellyne oop en

Plak 'n wasgoedpennetjie agterop vas.